

1. Agab se goddeloosheid

Agab se geskiedenis is opgeskryf in 1 Konings 16:28-34; 1 Konings 18; 1 Konings 20-22 en 1 Kronieke 18. Hy was die seun van Omri.

- Onder sy regering in die noordelike ryk het Israel tot die diepste geestelike verval gekom. Agab is bekend as gevolg van sy goddeloosheid.
- Agab het 22 jaar lank oor Israel geregeer en hy het gedoen wat verkeerd was in die oë van die Here.
 - Hy was selfs meer goddeloos as sy vader, Omri.
 - Hy het die aanbidding van die kalwers waarmee Jerobeam begin het, net so laat voortgaan.
 - **NB: Dit is baie belangrik om te onthou dat hy getroud was met die goddelose Isebel, dogter van Etbaäl, koning van die Sidoniërs.**
 - Isebel het die profete van die Here openlik vervolg.
 - Sy het die Baäldiens en die onsedelike diens van Astarte in Israel ingevoer.
 - Die Baäldiens het die amptelike godsdiens van die staat geword.
 - Die profete kon nog profeteer, solank hulle uitsprake gunstig vir Agab was.
- Agab het 'n tempel vir Baäl in Samaria gebou waarin hy 'n altaar vir Baäl opgerig het.
- Onder sy regering is Jerigo weer herbou.
 - Josua het uitdruklik elkeen vervloek wat dit sou waag om Jerigo weer op te bou. Ten spyte hiervan het Giël met die bouery voortgegaan.
 - Toe die fundamente gelê is, het Giël se oudste seun Abiram gesterf,
 - en toe hy besig was om die deure van die poorte in te sit, het sy jongste seun gesterf.
 - Dit was 'n vervulling van die vloek wat Josua oor Jerigo uitgespreek het.

2. Straf van die Here – oorlog met die Arameërs

God het die goddeloosheid van Agab swaar gestraf.

- **Op bevel van die Here het Elia vir Agab gaan sê dat dit drie jaar en ses maande lank nie sou reën nie**
- **Elia moes vir Agab sê dat dit die straf van die Here was oor Agab se goddeloosheid.**
- Na die tyd het Elia weer by Agab gekom en voorgestel dat die volk op die berg Karmel moet bymekaarkom om te beslis wie God is: die Here of Baäl.

Na alles wat daar op Karmel gebeur het (kyk bl. 120 e.v.), het die volk erken dat die Here God is.

- Agab het hom nie voor die Here verootmoedig nie.
- Hy het toegelaat dat sy vrou Isebel Elia vervolg.
- Die Here het Agab verder gestraf deur die oorlog met die Arameërs.
- Veral in die laaste jare van sy regering was daar aanhoudend oorlog met Ben-Hadad, koning van Aram.

Ben-Hadad het met 32 ander konings teen Samaria opgetrek en van Agab sy goud en silwer, en sy mooiste vroue en kinders geëis. Agab wou eers aan hierdie eis toegee, maar toe Ben-Hadad daarna nog swaarder eise stel, het Agab geweier. 'n Profeet van die Here het Agab gerusgestel deur aan te kondig dat die Here aan Agab die oorwinning gee oor Ben-Hadad.

- Agab het 'n maklike oorwinning behaal, en tog het hy nie erken dat dit die Here was wat hom die oorwinning laat behaal het nie.
- Ben-Hadad het weer 'n keer probeer om Agab in die oorlog aan te durf, maar hy is weer verslaan, en hy het Agab selfs om genade gesmeek.

- Agab het 'n verbond met hom gesluit, en hieroor het hy die toorn van die Here verder teen hom opgewek.

3. Agab en Nabot se wingerd

Dat Agab hom nie van sy verkeerde manier van lewe bekeer het nie, blyk verder ook uit sy handelswyse met Nabot.

- Agab wou die wingerd van Nabot hê, maar Nabot het geweier omdat die Wet van die Here 'n verbod gelê het op die verkoop van erfgrond.
- Agab het kwaad geword en geweier om te eet of te drink.
- Sy vrou Isebel het hom belooft dat sy sal sorg dat hy Nabot se wingerd kry.
 - Sy het in Agab se naam 'n brief geskryf waarin sy 'n vasdag laat uitroep het.
 - Sy het verder beveel om Nabot vooraan onder die mense te plaas en hom deur twee deugniete te laat beskuldig van skending van God se eer, godslastering en hoogverraad.
 - Die onskuldige Nabot is op hierdie wyse valslik aangekla, veroordeel en gevonniss.
 - In ooreenstemming met die Wet is hy gestenig, en so het Agab onder die skyn van reg in besit gekom van Nabot se wingerd.

4. God se oordeel

Terwyl Agab daar in sy “nuwe” wingerd rondgeloop het, het Elia na hom toe gekom en hom in die naam van die Here vertel dat die Here hom gaan straf omdat hy Nabot vermoor het.

- Sy straf sal wees dat die honde sy bloed sal oplek waar hulle Nabot se bloed gelek het.
- Die honde sal Isebel ook opvreet.
- Agab se hele familie sal uitgeroei word.

Toe Agab hierdie verskriklike tyding hoor, het hy hom verootmoedig. Daarom het die Here Elia meegedeel dat die uitroeining van Agab se familie nie tydens Agab se lewe sal plaasvind nie.

5. Oorlog teen die Arameërs; Agab se dood

5.1 Die straf wat Elia aangekondig het, word uitgevoer (1 Kon. 22)

- Die Arameërs moes die stede van Israel wat hulle verower het, aan Israel teruggee. Hulle het Ramot in Gilead nie teruggegee nie, en Agab wou Ramot ook terughê.
- Toe Josafat, koning van Juda, hom besoek, het hy aan hom voorgestel dat hulle saam teen die Arameërs optrek.
- Josafat het ingewillig, maar hy wou eers weet of hierdie onderneming die Here se guns weggedra het.
 - Agab het 400 profete laat kom, en elke keer as hy vra of dit goed is om teen Ramot op te trek, het hulle gesê dat die Here dit goedkeur en dat die Arameërs die geveg sal verloor.
 - Hulle was valse profete.
 - Josafat was nie tevrede met hierdie uitspraak nie. Hy wou nog 'n profeet se uitspraak hoor.
 - Agab het hom vertel dat daar nog een is met die naam Miga, maar dat hy hom haat omdat hy altyd sleg oor hom profeteer.
 - Agab het hom laat haal, en aanvanklik het Miga gesê dat Agab maar kan optrek en dat hy voorspoedig sal wees.
 - Agab het agtergekom dat Miga met hom die spot dryf, en hy het by Miga aangedring om die waarheid te praat.
 - Toe het Miga geprofeteer dat hy die hele Israel verstrooi op die berge sien soos skape wat geen wagter het nie.
 - Agab het by Josafat gekla dat Miga oor hom net onheil profeteer.

- Miga het toe vir Agab vertel dat die Here 'n leuengees in die mond van die profete gelê het, omdat Hy wou hê dat Agab in oorlog moes uittrek om daar te sneuwel.
- Agab het kwaad geword en Miga in die gevangenis laat sit totdat hy behoue van die oorlog af sou terugkom.

5.2 Agab en Josafat trek saam op teen die Arameërs

- Agab het hom vermom sodat niemand hom as die koning van Israel sou herken nie. Daarom het die Siriërs eers gemeen dat Josafat die koning van Israel was, en hulle het die geveg op hom toegespits. Toe Josafat om hulp roep, het hulle agtergekom dat dit nie die koning van Israel was nie, en hulle het die agtervolging gestaak.
- Een van die Aramese soldate het losweg 'n pyl geskiet en Agab dodelik gewond. Die koning het dapper in sy strydwa bly staan tot die aand toe, maar dieselfde aand nog het hy gesterf.
- Toe hulle die wa waarin die koning gelê het, uitspoel, het die honde sy bloed gelek soos Elia voorspel het.

Agab se seun Ahasia het hom as koning opgevolg. Na net twee jaar is Ahasia dood, en sy broer Joram het koning geword oor Israel.

6. Elia se spanning met Agab

6.1 Elia kondig droogte aan in Israel

In die donker tyd van die God-onterende regering van Agab het die profeet Elia opgetree (1 Kon. 17-19; 21; 22; 2 Konings 1:1-18; 8:7-15). Die naam Elia beteken “My God is Here”. Omdat hy afkomstig is uit Tisbe, word hy die Tisbiet genoem. Hy was deur God geroep om teen die goddelose Agab op te tree. Voor sy woord het koning en volk gebewe. Tydens sy eerste optrede in die paleis van Agab het hy reeds 'n harde boodskap vir die koning. Daar sal drie jaar en ses maande lank geen reën val nie.

- Elia was een van die grootstes onder die profete.
- Sy optrede was net so verrassend soos dié van Johannes die Doper baie eeue later.
- Jesus wys in Matteus 11:14 self op hierdie ooreenkoms.

6.2 Elia by die Kritspruit

Ná die aankondiging van die oordeel van die Here het Elia hom teruggetrek in die eensaamheid by die Kritspruit.

- Agab het nie geweet waar Elia was nie, sodat hy hom geen kwaad kon aandoen nie, en hy hom ook nie kon vra om die oordeel af te wend nie.
- Die Here het op wonderlike wyse vir Elia daar gesorg.
 - Die kraaie het elke môre en elke aand vir hom vleis en brood gebring, en hy kon genoeg water uit die spruit drink.
 - Daar het Elia gebly totdat al die water opgedroog het.

6.3 Elia in Sarfat

Nou het die Here getoon dat hy ook op 'n ander manier vir Elia kon sorg. Hy het na Sarfat gegaan en daar 'n arm weduwee ontmoet.

- Sy was bereid om vir hom water aan te bied, maar sy het geen brood gehad nie – net 'n handvol meel en 'n bietjie olie.
- Sy wou daarmee 'n laaste gereg vir haar en haar seun klaarmaak voordat hulle van hongersou sterf.
- Elia het by haar aangedring dat sy eers vir hom 'n broodkoek moet bak, en hy het haar verseker dat die meel nie sal opraak en die olie nie minder sal word nie.

- Die vrou het geglo wat Elia gesê het en gedoen soos hy gevra het. Haar geloof is nie beskaam nie.

Ook in hierdie heidense land het die Here getoon dat Hy die Almagtige is.

- Die Here wou haar geloof nog swaarder beproef, en daarom het Hy haar kind laat sterf.
- Sy het daarin 'n besondere straf van die Here oor haar sondes gesien, maar die Here wou haar alleen maar tot 'n vaste geloof in Hom bring.
- Op die kragtige gebed van Elia het haar seun weer uit die dood opgestaan.

6.4 Elia kom weer by Agab

Toe die droogte drie jaar en ses maande geduur het, het die Here Elia beveel om hom weer aan Agab te vertoon. Hoewel Elia geweet het dat dit lewensgevaarlik is, het hy nie gearsel nie.

- Op pad daarheen het hy vir Obadja teëgekom terwyl hy besig was om kos en water te soek vir die koning se perde.
 - Obadja was die man wat dit gewaag het om 100 profete van die Here in die spelonke weg te steek en daar met kos te onderhou.
 - Elia het nou aan hom opdrag gegee om aan Agab te gaan sê dat Elia aan die kom is.
- Die ontmoeting tussen Elia en Agab was alles behalwe vriendskaplik.
 - Agab het Elia aangesien as die oorsaak van al die onheil, en hy het hom genoem die een “wat die dood oor Israel bring”.
 - Elia het Agab aangespreek as die een wat die dood bring.
- Elia het Agab uitgedaag om na die Karmelberg te kom, en daar sou Elia die bewys lewer dat die Here God is, en nie Baäl nie.
 - Agab moes die 450 Baälprofete en die 400 profete van Asjera ook saambring.
 - Hulle moes 'n altaar bou en 'n offerdier daarop neerlê, maar dit nie aan die brand steek nie.
 - Dié God wat die offer met vuur uit die hemel aan die brand steek, Hy sal waarlik God wees.

6.5 Elia op die berg Karmel

- Elia het eers vir die volk gevra: “Hoe lank hou julle aan met hink op twee gedagtes? As die Here God is, volg Hom na, en as Baäl dit is, volg hom na!”
- Hierna het die profete van Baäl hulle god gesmeek om die offer aan die brand te steek, maar Baäl het nie geantwoord nie.
 - Teen die middag het Elia met hulle gespot en gesê dat hulle harder moet roep, want miskien slaap Baäl.
 - Hulle het hulleself met swaarde en spiese stukkend gekerf, maar dit was alles tevergeefs.
- Daarna was dit Elia se beurt. Hy het twaalf klippe geneem, na die twaalf stamme van Israel, en daarmee 'n altaar gebou.
 - Daarna het hy 'n sloot rondom die altaar gegrawe en dit vol water gemaak en ook die brandoffer met die hout op die altaar natgegooi.
 - Daarna het hy die Here vurig gesmeek om sy gebed te verhoor.
 - Dadelik het daar vuur van die Here gekom en die offer verteer, en selfs die water in die sloot opgelek.
 - Die volk het vir die oomblik onder die indruk daarvan gekom, en uitgeroep: “Die Here is God, die Here is God!”
 - Elia het hulle toe beveel om die Baälprofete te gryp en dood te slaan. Hulle is almal na die Kisonspruit geneem en daar doodgemaak. Die vierhonderd profete van Asjera het waarskynlik nie omgekom nie.

Daarna het Elia die Here vurig gebid vir reën. Toe die eerste wolkie opsteek, het hy vir Agab gesê dat

hy moet inspan en ry sodat die reën hom nie vaskeer nie.

7. Geskiedenis ná Karmel

7.1 Elia vlug vir Isebel

Agab het aan sy vrou Isebel alles vertel wat op Karmel gebeur het en dat Elia die profete van Baäl laat doodmaak het. Isebel was woedend daaroor en sy het gesweer dat Elia daaroor sou sterf. Daar het vir Elia niks anders oorgebly as om te vlug nie.

- Hy het na die suide gevlug en by Berseba aangekom. Daar het hy sy slaaf laat agterbly en alleen die woestyn ingegaan.
- Vermoeid en afgemat het hy daar onder 'n besembos gaan sit. In sy oë was die magtige dade van Karmel sonder enige gevolg.
- Hy het gehoop op die bekering van sy volk, en nou word hy met die dood gedreig. Hy was moeg vir die lewe.
- Met hierdie optrede van die geloofsheld Elia het sy menslike swakheid na vore gekom.
 - Hy kon die teleurstelling nie verdra nie en het God gebid dat hy tog ook maar moes sterwe.
 - Uitgeput, moeg en hartseer het hy aan die slaap geraak.
 - God het 'n engel gestuur wat hom wakker gemaak het. Die engel het aan hom kos voorgesit.
 - Toe hy weer insluimer, het die engel hom weer wakker gemaak en gesê: “Word wakker! Eet! Anders sal die pad vir jou te lank word.”
 - Veertig dae en veertig nagte het hy aangehou loop totdat hy by die berg Horeb gekom het, waar God deur Moses met sy volk die verbond gesluit het.

7.2 Elia op Horeb

By Horeb het Elia die nag in 'n grot oorgebly. Daar het die Here aan hom verskyn en vir hom gevra: “Wat maak jy hier, Elia?” Elia het geantwoord dat sy ywer vir die Here tevergeefs was. Die Here het hom toe beveel om uit die grot te kom, sodat Hy Hom aan Elia kon openbaar.

- Vooraf was daar toe eers magtige natuurverskynsels.
 - Eers het daar 'n **groot en sterk wind** gekom wat die rotse gebreek het, maar die Here was nie in die wind nie.
 - Toe kom daar 'n **aardbewing**, maar die Here was ook nie in die aardbewing nie.
 - Daarna was daar 'n **vuur**, maar die Here was ook nie daarin nie.
 - Toe kom daar 'n **fluistering in die windstilte**, en daarin het Elia die Here herken.

Die Here wou Elia leer dat Hy met sy oordele kom, maar dat Hy ook 'n God van genade is. Sy oordele is nie die hoogste openbaring van sy wese nie.

- Daar was vir Elia geen rede om hom oor God se heerskappy te bekommer nie; hy moet net sy eie roeping uitvoer.
- Daarom het God ook aan hom 'n drievoudige opdrag gegee.
 - Hy moes Gasaël gaan salf as koning oor Aram,
 - Jehu as koning oor Israel, en
 - Elisa as sy opvolger.
- Hierdie drie persone sou God se instrumente word om die sonde van sy volk te straf.
- Verder het God Elia daardeur getroos dat daar nog 7 000 in Israel oor was wat Baäl nie aanbid het nie. Elia moet die versekering hê dat God sy volk in stand hou.

7.3 Uitvoering van die opdragte

Elia het teruggegaan om sy opdrag te gaan uitvoer.

- Toe hy Elisa vind, het hy sy mantel op hom gegooi. Daarop het Elisa hom gevolg.
- Die ander twee opdragte is deur Elisa uitgevoer.
 - Ben-Hadad, koning van Aram het siek geword, en hy het sy dienaar Gasael na Elisa gestuur om hom te vra of hy weer gesond sou word.
 - Elisa het aan Gasael bekend gemaak dat Ben-Hadad sou sterf en dat Gasael self koning van Aram sou word.
 - Jehu is ook in opdrag van Elisa deur een van die profete tot koning oor Israel gesalf.

7.4 Verdere wonderwerke van Elia

Na Agab se dood het sy seun Ahasia koning geword oor Israel.

- Ahasia het ook vir Baäl gedien en hom nie voor die Here verootmoedig nie. Toe hy deur 'n tralievenster val en siek word, het hy boodskappers na Ekron gestuur om die god Baäl-Sebub te vra of hy sou bly leef.
- Elia het die boodskappers tegemoet gegaan en hulle gevra of daar dan geen God in Israel is nie, omdat hulle die god Baäl-Sebub gaan raadpleeg. As straf vir hierdie belediging wat Ahasia die Here aangedoen het, sou hy nie bly leef nie.
- Toe Ahasia dit hoor, het hy 'n offisier met vyftig soldate gestuur om Elia gevange te neem.
 - Maar op Elia se woord het daar vuur uit die hemel gekom wat die offisier met sy vyftig man verbrand het.
 - Ahasia het 'n tweede offisier met vyftig man gestuur, en dieselfde lot het hulle getref.
 - Die derde offisier het met sy manskappe gespaar gebly, omdat hy geweet het hoe om teenoor 'n dienaar van die Here op te tree.
 - Elia het saam met hom gegaan, en die laaste woorde wat hy tot die huis van Agab gerig het, was die aankondiging van die dood van Ahasia.

7.5 Elia se hemelvaart

Toe die tyd van Elia se einde aanbreek, het hy met Elisa van Gilgal af vertrek.

- Hy het Elisa gevra om agter te bly, maar elke keer – in Gilgal, Bet-El en Jerigo – wou Elisa hom nie verlaat nie.
- Elisa moes getuie wees van wat met Elia gebeur.
- Toe hulle by Jerigo aankom, wou Elia oor die Jordaan gaan. Hy het sy mantel opgerol en op die water geslaan. Die water het verdeel sodat hulle veilig kon deurgaen.
- Elia het aan Elisa gevra wat hy vir hom moes doen voordat hy weggevat word.
 - Elisa het begeer dat 'n dubbele deel van die gees van Elia op hom sou kom.
 - Elia het geantwoord dat dit 'n moeilike ding is en dat God alleen dit kan doen, maar as hy Elia se hemelvaart sou aanskou, sou dit 'n waarborg wees dat God sy gebed verhoor.
 - Terwyl hulle nog met mekaar gepraat het, het daar 'n wa van vuur met perde van vuur gekom wat Elia in die hemel opgeneem het in 'n stormwind.
 - Elisa het hom agterna geroep: “My vader, my vader, u was vir Israel die strydwa met sy ruiters!” Elisa het Elia se mantel wat op die grond geval het, gevat en daarmee kon hy weer deur die Jordaan teruggaan.

Elia was die grootste van die heldegestaltes onder die profete. Sy hele optrede was 'n lewende protes teen die gees van sy tyd. Sy geskiedenis leer dat die heilsbelofte van God sy vervulling eers kry wanneer die Here met die strengste strawwe gestraf het. Al sal Israel as volk ondergaan, bly die kern van die volk nog bewaar.

In Maleagi 4:5 sê die Here dat Hy Elia eers sal stuur voor die dag van die Here aanbreek, en so word Elia se naam aan die einde van die Ou Testament genoem saam met dié van Moses (Mal. 4:4). Op die berg van verheerliking is dit dan ook Elia en Moses wat saam met Christus verskyn (Matt. 17:1-9).

8. Elisa

8.1 Elisa as opvolger van Elia

Dadelik na Elia se hemelvaart het Elisa hom as profeet opgevolg (2 Kon. 5). Die Gees van God het hom tot kragtige daede in staat gestel.

- Met Elia se mantel het hy op die water van die Jordaan geslaan om so weer oor die Jordaan terug te gaan.
- Die profete in Jerigo het hom dadelik as Elia se opvolger erken.
- Sy roeping het vir hulle nog duideliker geword toe hy deur middel van sout die water van Jerigo bruikbaar gemaak het.

Elisa het 'n hele aantal wonderwerke gedoen. Daar kan onderskei word tussen dié wat God se genade vertoon, en dié waarin God se oordeel na vore kom.

8.2 Wonderwerke van Elisa wat God se genade toon

8.2.1 Kind van die Sunemitiese vrou lewend gemaak

'n Ryk en vername vrou in Sunem het Elisa in haar huis versorg. Elisa het vir haar gevra of hy nie vir haar ook iets kan doen nie.

- Sy het nie 'n kind gehad nie, en Elisa het voorspel dat sy 'n seun sal hê. Dit het so gebeur.
- Maar die seun het siek geword en gesterf. Sy het haar kind op Elisa se bed neergelê en Elisa dadelik gaan opsoek.
- Elisa het saam met haar teruggegaan en vurig tot die Here gebid. Nadat hy twee keer bo-oor die seun gaan lê het, het die seun weer lewendig geword.

8.2.2 Naäman van melaatsheid gereinig

Naäman was die hoof van die leër van Ben-Hadad, koning van Aram, en hy was melaats.

- 'n Diensmeisie wat as 'n klein dogtertjie uit Israel weggevoer is, het hom vertel dat daar 'n profeet in Samaria was wat hom van sy melaatsheid kon genees.
- Naäman het verlof van sy koning gekry en na Samaria toe gegaan. Elisa het hom die opdrag gegee om hom sewe maal in die Jordaan te gaan was.
- Naäman het geweier om dit te doen en wou teruggaan Aram toe. Op aandrang van sy knegte het hy dit gaan doen, en nadat hy hom sewe maal in die Jordaan gewas het, was hy volkome genees.
- Hy wou Elisa hiervoor beloon, maar Elisa het alle beloning geweier.
- **Naäman wou ook geen afgode verder meer aanbid nie, maar sy amp het meegebring dat hy die koning na die tempel van Rimmon moes vergesel. Omdat hy dit slegs formeel moes doen, het Elisa hierteen geen beswaar gemaak nie.**

8.2.3 Die Arameërs met blindheid geslaan

Ben-Hadad, die koning van Aram, het oorlog gemaak teen Joram, die koning van Israel. Die koning van Aram se planne het voortdurend uitgelek. Daar is toe aan hom gesê dat dit Elisa is wat al sy planne aan Joram bekend maak.

- Daarop het Ben-Hadad besluit om Elisa gevange te neem. Hy het 'n sterk mag na Dotan gestuur waar Elisa gebly het, en die stad omsingel sodat Elisa nie kon ontvlug nie.
- Elisa het geweet dat God magtiger is as al sy vyande saam.
 - Op Elisa se gebed het die Here ook aan Elisa se slaaf getoon dat die hele berg vol perde en

- waens van vuur is om hulle te beskerm.
- Elisa het toe gebed dat die Here sy vyande moes blind maak. Die Here het sy gebed verhoor en die Arameërs kon nie sien om hulle pad te kry nie.
- Elisa het hulle self na Samaria gebring, en binne-in die stad het die Here weer hulle oë oopgemaak. Toe kon hulle eers sien in watter gevaar hulle verkeer.
- Joram wou hulle doodmaak, maar Elisa het dit verhoed. Hy het sy vyande beskaam deur aan hulle voedsel voor te sit.
- Hierdie behandeling deur Elisa was die rede waarom die Arameërs 'n lang tyd uit Israel weggebly het.

8.2.4 Die weduwee se olie

Die weduwee van een van die profete het in groot armoede verkeer en het niks gehad om haar skuldeiser te betaal nie. Die skuldeiser wou albei haar seuns as slawe neem in die plek van die skuld. Sy het haar nood by Elisa bekla. Toe Elisa vasstel dat sy nog 'n kruik met olie in haar huis het, het hy haar aangesê om leë kanne by haar bure te gaan leen. Die vrou het gedoen wat Elisa gesê het, en haar geloof is nie beskaam nie. Sy kon met die een kruik olie al die kanne volgooi. Sy kon die olie verkoop om so haar skuldeiser te betaal.

8.2.5 Suiwering van giftige kos

Terwyl hulle in Gilgal was, het Elisa aan sy slaaf opdrag gegee om die pot op die vuur te sit en 'n bredie te kook vir die profete wat daar by hom was. Een van die profete het in die veld gaan kruie pluk en wildekomkommers teruggebring en dit in die pot ingesny. Net toe hulle die bredie proe, het hulle uitgeroep: "Daar is gif in die kos." Elisa het meel in die pot gegooi, en toe hulle daarna van die bredie opskep en eet, was dit nie meer skadelik nie.

8.2.6 Kos vir baie mense

Iemand het vir Elisa twintig garsbrode gebring. Elisa het toe beveel dat die brode onder die mense verdeel moet word. Sy slaaf het beswaar gemaak dat daar te min brode was vir die honderd mense wat daar bymekaar was. Elisa het egter aangehou en gesê dat daar nog sal oorbly ook. Dit het ook so gebeur. Almal het genoeg geëet en daar het nog oorgebly ook.

8.2.7 Die byl wat op die water dryf

Die plek waar Elisa die profete onderrig het, het te klein geword, en die profete het voorgestel dat hulle balke by die Jordaan gaan kap om 'n groter bymekaarkomplek te bou. Terwyl hulle besig was om bome te kap, het een se byl in die water geval. Dit was vir hom 'n groot verleentheid, want dit was 'n geleende byl. Elisa het toe 'n stuk hout in die water gegooi by die plek waar die byl ingeval het, en dit het die byl op die water laat dryf. Die man kon toe die byl neem.

8.3 Wonderwerke wat God se oordeel toon

8.3.1 God se oordeel by Bet-El

Toe Elisa op pad was van Jerigo na Bet-El, het 'n groot aantal kinders hom bespot en geskreeu: "Hoër op, kaalkop! Hoër op, kaalkop!" Elisa het hulle aangekyk en hulle in die Naam van die Here vervloek.

- Skielik het daar twee bere uit die bos gekom en 42 van die kinders verskeur.
- Hoe onverwags en skokkend hierdie voorval ook lyk, moet in gedagte gehou word dat hierdie kinders hulle minagting vir die profeet van God van hulle ouers geleer het.
- Dit was dus net soveel 'n straf vir die ouers. Wie die gesant van die Here bespot, bespot ook sy Sender.

8.3.2 Gehasi word melaats

Toe Naäman, die Arameër, genees is van sy melaatsheid, was Gehasi teenwoordig en het hy ook gehoor dat Elisa geen geskenk van Naäman wou aanneem nie. Gehasi was baie hebsugtig.

- Hy het agter Naäman aangeloop en vir hom 'n valse verhaal vertel van twee profete wat by Elisa gekom het, en dat Elisa graag 'n talent silwer en twee stelle klere vir hulle wou hê.
- Naäman het hom geglo en vir hom twee maal soveel silwer gegee, en ook die klere.
- Gehasi het dit gaan wegsteek en met 'n onskuldige gesig by Elisa gekom.
- God het alles aan Elisa bekend gemaak.
- As straf op sy afkeurenswaardige optrede het Naäman se melaatsheid op Gehasi gekom.

8.3.3 Oordeel oor die spottende adjudant

Terwyl Samaria deur die Arameërs beleër is, was die nood in die stad so hoog dat vroue selfs hulle eie kinders geëet het. Koning Joram het die ellende aan Elisa toegeskryf, want, het hy gesê, Elisa kon tog bid dat die nood ophou.

- Joram het gesweer dat hy Elisa sal doodmaak. Hy het iemand met 'n opdrag na Elisa gestuur en self ook agternagekom.
- Elisa het die koning verseker dat God nog wonders kan doen en dat alles die volgende dag baie goedkoper sal wees.
- Die adjudant wat die vertroueling van die koning was, wou dit nie glo nie, en het smalend gesê: **“Dit is onmoontlik, selfs al maak die Here vensters in die hemel sodat dit nou reën.”**
- Elisa het hom die oordeel van die Here aangesê oor sy ongeloof. Hy sou die waarheid van Elisa se woorde beleef, maar nie daarvan geniet nie.
- Daarop het die Here die Arameërs verskrik sodat hulle in aller yl gevlug het en al hulle lewensmiddele laat agterbly het.
 - Vier melaatse manne het dit ontdek en dit in Samaria gaan vertel.
 - Die inwoners van Samaria het toe die kamp van die Arameërs gaan plunder, en die toeloop was so groot dat die adjudant vertrap is. So het die voorspelling van Elisa waar geword.

Uit alles blyk dat Elisa nooit 'n vyandelike houding teenoor Joram ingeneem het nie, maar hom baiekeer goeie raad gegee het.